# HOEPHOEP

# Feesuitgawe

*Maart 2024*

# BIRDLIFE WESVAAL
# 40ste-VERJAARSDAG
# FEESVIERINGE

Op 22 Maart 1984 het 11 vriende vergader in Tomstraat, aan huis van Ina Stiglingh in Potchefstroom. Hier besluit Ina Stiglingh om 'n voëlklub te stig.

BirdLife Wesvaal is dus nou amptelik 40 jaar oud!

Baie baie geluk BirdLife Wesvaal en klublede met die groot prestasie. Mooi en goeie wense word die Voëlklub toegewens vir die toekoms.

In hierdie Feesuitgawe van die Hoephoep word BirdLife Wesvaal se 40ste Verjaarsdag Feesvieringe en aktiwiteite uitgebeeld.

a. Verjaarsdagpartytjie op 7 Maart 2024.
b. BirdLife Wesvaal se Gedenkblad.
c. Feesvieringe 21-24 Maart 2024 by die Elgro River Lodge.
d. Boodskappe en gelukwense.

Vir veertig jaar is ons dankbaar vir klublede en voëlvriende en ons beker loop oor van geluk en vreugde. Graag bedank ons alle klublede, vriende van BirdLife Wesvaal, die donateurs en borge sowel as die uitstallers wat die Voëlklub instaat gestel het om 'n sukses van die Feesvieringe te maak. Vir die harde werk van die bestuurkomitee, die feeskomitee en die gedenkbladkomitee, is BirdLife Wesvaal opreg dankbaar.

Pieter Labuschagne



# 40STE VERJAARSDAGPARTYTJIE—7 MAART 2024

Op Donderdag 7 Maart 2024 vergader meer as 70 voëlliefhebbers om 17:45 by die Elgro Hotel. Teen 18:00 tref 'n donderstorm Potchefstroom en ons planne van 'n groepsfoto langs die swembad verander vinnig na 'n binnenshuis fotosessie. Na die groepsfoto neem die gaste hul plekke in met 'n glasie vonkelwyn in die hand.

Die klubbyeenkoms word deur Roy Byers, Ondervoorsitter van die klub met gebed geopen. Gaste word hartlik verwelkom. Jare lange vriende van die Voëlklub vanaf Klerksdorp, Stilfontein, Orkney en Ventersdorp het saam op Potchefstroom kom feesvier. Die maand, veertig jaar gelede op 22 Maart 1984 het Ina Stiglingh en 11 vriende besluit om 'n Voëlklub te stig. Rudy Erasmus, Beskermheer het 'n inspirerende verjaarsdagboodskap gelewer en 'n heildronk ingestel op BirdLife Wesvaal sowel as op die toekoms van die klub. Erkenning is ook gegee aan klublede wie die langste lede van die Voëlklub is. Pragtige fotos is deur Tian du Preez geneem terwyl Rita Marais, Petro Lombard, Marietjie Ferraira, Rudy Erasmus, Nick Jonas en Whitey van Pletzen die verjaarsdagkoek gesny het.

Daarna was dit "storietyd". Verskeie klublede het met grasie en in detail hulle herinneringe en ervarings oor en van die klub gedeel. Wonderlike avonture, mooi herinneringe en groot dankbaarheid is deur almal benadruk. BirdLife Wesvaal is baie bevoorreg en dankbaar vir nuwe en veral jonger klublede wat betrokke geraak het by die klub die afgelope 6 maande. Alet Steyn die sameroeper van die Gedenkblad-komitee se susterskind Rikus van der Merwe het tydens die samestelling van die Voëlklub se Gedenkblad sy eie voëlsketse gemaak. Ongelooflik is die feit dat die sesjarige elke voël tot in die fynste detail rakende hul spesifieke eienskappe geteken het. Fotos van sy sketse is gewys en het bygedra tot die sukses van die aand. BirdLife Wesvaal het met die klubbyeenkoms lekker fees gevier maar het ook hulde gebring aan die stigterslede en pioniers van BirdLife Wesvaal.

Die klub het 40 jaar lank gewag vir die onvergeetlike geleenheid. Erkenning is ook gegee aan die Feeskoördineerder, Lawren Oelofse en lede van die Feeskomitee en die Gedenkbladkomitee vir hulle harde werk en puik reëlings.

BirdLife Wesvaal is opreg dankbaar vir alle klublede, vriende, borge, donateurs en ondersteuners wat dit moontlik maak dat die klub in 2024 kan fees vier.

Pieter Labuschagne









**Feeskomitee**


# STORIE TYD























Rudy Erasmus






HELEN


BIRDLIFE WESVAAL
40
Anniversary 2024


BIRDLIFE WESVAAL
40
Anniversary 2024









# ONS KUIER SAAM



























## ONS EET LEKKER












# BIRDLIFE WESVAAL 40-JARIGE FEESVIERINGE

## GEDENKBLAD

'n Pragtige gedenkblad is saamgestel wat die afgelope 40 jaar se geskiedenis van die BirdLife Wesvaal vaspen. Kom lees gerus oor die stigting van die klub asook van die stigterslede in 1984. Bekende voëlpioniers uit die 18de eeu wat woonagtig was in Potchefstroom se navorsing en die versameling van voëls word ook bespreek.

Interessante staaltjies en mooi stories van die 13 voorsitters wat die klub tot dusver gehad het word uitgelig. Die gedenkblad sluit ongelooflike terugvoer, beskrywings en ervarings van klublede in en beleef weer saam met BirdLife Wesvaal die naweekuitstappies en voëltoere soos lede dit beleef het.

Die gedenkblad spog met 86 glansbladsye en 137 fotos. Die mooiste kleurfoto's van voëls, geneem deur ons eie lede, is in die blad opgeneem, terwyl foto's van bekende klublede en voëlvriende mooi herinneringe laat herleef.

Pieter Labuschagne








# GEDENKBLAD IN WORDING


**Alet Steyn en Marietjie Coetzee**











# BIRDLIFE WESVAAL

# 40ste-VERJAARSDAG FEESVIERINGE

# ELGRO RIVER LODGE

# 21 - 24 MAART 2024



# BIRDLIFE WESVAAL
# 40th Anniversary Programme

**Thursday, 21st March 2024**

| | |
|---|---|
| 14:00—18:00 | Registration |
| 16:00—18:00 | **Owls of Southern Africa**—Presented by Dr Rudy Erasmus |
| 18:00—20:00 | Welcoming & Dinner |
| 20:00—22:00 | Special Night Drive on Reserve searching for owls and nightjars |

**Friday, 22nd March 2024**

| | |
|---|---|
| 06:00—08:00 | Bird hike ± 3 km |
| 08:00—09:00 | Enjoy a Farmhouse breakfast on the deck overlooking the Vaal river |
| 09:00—10:30 | **Saving Marion Island's Seabirds** presented by Mark Anderson |
| 11:00—12:30 | **BirdLasser and SABAP2: How to log and submit your valuable bird Data** presented by Ernst Retief |
| 12:30—14:00 | Lunch |
| 14:00—15:30 | **Wind Turbines: An Impact on the birds of Wakkerstroom** presented by Johan Janse van Rensburg |
| 15:30—17:30 | Sit back and indulge yourself on a Bird drive at Elgro River Lodge |
| 18:00—21:00 | Dinner: Lamb on spit |

**Saturday, 23 March 2024**

| | |
|---|---|
| 06:00—08:00 | Bird hike in the Reserve ± 4.5 km |
| 08:00—09h00 | Breakfast |
| 09:00—10:30 | **Avitourism in South Africa, with a focus on BirdLife South Africa's Avitourism Project** presented by Andrew de Blocq |
| 11:00—12:30 | **Herons, Hats and Heronry Map** presented by Doug Harebottle |
| 12:30—14:00 | Lunch |
| 14:00—15:30 | **Waders and Water birds** presented by Geoff Lockwood<br>**Or** float down the Vaal river to spot some birds on the banks |
| 15:30—18:00 | **Birds in a changing world—the realities and challenges for global avifauna** presented by Marc Trevor Freeman<br>**Or** sit back and indulge yourself on a Bird drive at Elgro River Lodge |
| 19:00—21:00 | Gala dinner |

**Sunday, 24 March 2024**

06:00—09:00 A bird excursion to Grootkoppe
09:00—10:30 **The elusive LBJ's** presented by Geoff Lockwood
10:30—12:00 Brunch
12:00—14:00 This is the end of a special weekend!!



Foto: Marietjie Ferreira

# BIRDLIFE WESVAAL

# FEESVIERING

Gedurende die naweek van 21-24 Maart 2024 is daar feesgevier by Elgro River Lodge langs die Vaalrivier. Vyf-en-tagtig gaste het van Donderdagmiddag tot Sondagoggend aan ‘n opwindende en bedrywige program deelgeneem. Mark Anderson, hoofuitvoerende beampte van BirdLife Suid - Afrika, Kobus Fourie, ons gasheer van die Elgro Groep, asook die stigter van BirdLife Wesvaal, Ina Stiglingh, het die naweek bygewoon.

Aktiwiteite het reeds vroegoggend om sesuur begin met begeleide staptogte langs die rivier en teen die berg op. Vyf safari voertuie het ook op ‘n gereelde basis voëlkykers op uitstappies na verskillende habitatte geneem op soek na voëls en vir fotografie. Daar was selfs die dapperes wat op die Vaalrivier gaan roei het.

Gedurende die naweek het gaste die voorreg gehad om na nege uitsonderlike lesings van top en bekende voëlkundiges in Suid-Afrika te luister. Voëlkykers het aan ‘n BirdLasser uitdaging “BirdLife Wesvaal 40th Celebration” deelgeneem en honderde voëls is ingesleutel.

’n Fotokompetisie is geloods en vier waardige wenners het Sondagoggend hulle pryse ontvang. Nuwe vriende is gemaak met voorsitters en lede van verskillende voëlklubs oor die land en daar is heerlik gekuier tydens die skaapbraai en ander etes.

Saterdagaand is ‘n gala funksie aangebied waar Mark Anderson (hoofuitvoerende beampte van BirdLife Suid-Afrika) en Rudy Erasmus (Beskermheer van BirdLife Wesvaal) Hoephoep sertifikate aan ses klublede oorhandig het vir uitstaande en voortreflike diens aan BirdLife Wesvaal.

Gaste is met vriendelike diens bederf wat bygedra het tot ‘n onvergeetlike naweek. Die bydraes en ondersteuning van uitstallers, borge en vriende van BirdLife Wesvaal het tot ‘n suksesvolle feesviering bygedra.

Baie dankie aan BirdLife Wesvaal se feeskomitee onder leiding van Lawren Oelofse, die gedenkbladkomitee, en spesiaal die klublede van BirdLife Wesvaal vir die pragtige herinneringe wat ons saam kon geniet.

Baie dankie aan al die gaste wat deel was van BirdLife Wesvaal se 40ste Verjaarsdag feesvieringe. BirdLife Wesvaal is bevoorreg om julle as vriende te reken.

Pieter Labuschagne

Voorsitter BLWV



Ina Stiglingh
(Stigter van BLWV)
en
Mark Anderson
(Hoofuitvoerende beampte
van BLSA)

# FEESNAWEEK — 21-24 MAART 2024
# ELGRO RIVER LODGE









# ONS WERSKAF OM ALLES BYMEKAAR TE KRY VIR DIE FEES NAWEEK








BIRDLIFE WESVAAL
BAIE DANKIE


birdlife


Birdlife Wesvaal
Bird Watching
Please Pass
Bird Watching
Bird Watching
Bird Watching
Please Pass

# ELGRO RIVER LODGE













# ELGRO RIVER LODGE : THANK YOU!
















# SPREKERS







Mark Anderson



Geoff Lockwood




Johan Janse van Rensburg




Ernst Retief



Marc Freeman



Doug  Harebottle

## SPREKERS EN HUL VOORDRAGTE

Owls of South Africa - Rudy Erasmus
Saving Marion Island's Seabirds - Mark Anderson
How to log and submit your valuable bird data - Ernst Retief
An Impact Study on the Birds  of Wakkerstroom  - Johan Janse van Rensburg
Auvitourism in South Africa, with a focus on BirdLife's SA Avitourism Project - Andrew de Blocq
Herons, Hats and Herony Map - Doug Harebottle
Waders and Waterbirds - Geoff Lockwood
Birds in a changing world - The realities and challenges for global avifauna - Mark Trevor Freeman
The elusive LBJ's -  by Geoff Lockwood



Andrew de Blocq



Rudy Erasmus

# UITSTALLERS

BirdLife
SOUTH AFRICA
Giving Conservation Wings



















# AKTIWITEITE


















TOYOTA


TOYOTA































# KUIERTYD





































BirdLife
SOUTH AFRICA
























COUNTRY ROAD











# HOEPHOEP TOEKENNINGS

# SATERDAG 23 MAART 2024






















Rita










Baie dankie Esme vir jou suksesvolle bymekaar hou van al die praatjies. Jy het jou uitstekend van jou taak gekwyt







# FOTO KOMPETISIE WENNERS







**Beste Roofvoël foto - Kaalwangvalk met vlermuis — Daleen Visser**



**Beste Portret foto - Reuse Visvanger met krap - Elena Visser**

# FOTO KOMPETISIE WENNERS



**Beste voël  in vlug  -  Reuse Visvanger  -  Agostino Gaglio**



**Beste jongeling foto  -  Rooioogtiptol  -  Izelle Bekker**

# BIRDLASSER UITDAGING
# “BIRDLIFE WESVAAL 40TH CELEBRATION”


In support of the BirdLife Wesvaal 40 year celebrations a BirdLasser Challenge was run from 21 March 2024 (14:00) to 24 March 2024 (17:00). During this period birders who registered for the challenge logged their data on BirdLasser and the results were displayed at this link:
https://www.birdlasser.com/events/wesvaalweekend?
In total 26 birders participated, logging a total of 3,222 records! The group recorded over 200 species, not bad for this area and in a relatively short period of time. Well done to all.
Ian Luyt did an excellent job and logged 164 species, with Johan van Rensburg 140, Wanda Strauss 130, Izelle Bekker 129, Ronel Roscher 118, Ernst Retief 113 and Werner van Goethem 103.
Lots of data were also submitted to the Southern African Bird Atlas Project, in so doing contributing valuable data for this area to the project.


The most common birds logged and the number of times logged are:

| | |
|---|---|
| Southern Fiscal | 70 |
| White-browed Sparrow-Weaver | 63 |
| Laughing Dove | 54 |
| African Red-eyed Bulbul | 52 |
| Hadada Ibis | 50 |
| Red-eyed Dove | 46 |
| Blacksmith Lapwing | 45 |
| Southern Masked Weaver | 43 |
| Cape Starling | 43 |
| Helmeted Guineafowl | 42 |
| African Darter | 41 |
| Southern Grey-headed Sparrow | 40 |

Thank you to everyone who participated.
Ernst Retief
BirdLife South Africa

SABAP2



# BIRDLIFE WESVAAL AT 40

Established in Potchefstroom in 1984, the BirdLife Wesvaal Bird Club is an affiliate of BirdLife South Africa. Its core mission is to promote the appreciation and understanding of birds, while also working to conserve the environment.

This active club boasts a dedicated management committee that arranges meetings featuring guest speakers on the first Thursday of each month. In addition to these regular gatherings, the club offers an exciting programme that includes day birding trips and weekend excursions. To keep members informed and engaged, the club publishes a quarterly newsletter, *Hoephoep*, and make use of e-mails, WhatsApp, Facebook and the internet.

Many club members actively participate in various bird-related activities, such as atlassing (SABAP2), bird ringing and bird photography. Moreover, the club compiles a comprehensive bird list, documenting all the bird species observed by members in Southern Africa each year. Club members also participate in counting falcons in Ventersdorp each January, for research purposes.

The region around Potchefstroom is characterised by a rich variety of habitats, dominated by expansive open grasslands that are dotted with a mix of acacia trees and other bushes. This diverse landscape encompasses several notable areas, including the picturesque terrain south of Potchefstroom, the Vredefort Dome and the meandering Vaal River. It extends into parts of the Free State, where majestic mountains and blue gum plantations add to the scenic allure.

Maintaining a strong connection with BirdLife South Africa and its personnel remains a priority for BirdLife Wesvaal to ensure ongoing support and collaborative efforts in their shared mission to conserve birds and the environment.

Pieter Labuschagne,
BirdLife Wesvaal Chair

## BAIE GELUK WESVAAL VOËLKLUB!



Sam de Beer

# BOODSKAPPE EN GELUKWENSE

**BUSINESS DIVISION**

Mark Anderson, Ernst Retief, Clare Neall, Andrew de Blocq and Janine Goosen attended BirdLife Wesvaal's very successful 40th anniversary celebration at Elgro River Lodge near Potchefstroom. And Mark, Ernst and Andrew presented talks. Congratulations to BirdLife Wesvaal on their anniversary and on the organisation of a very well organised event.

Regards

Mark



**Geoff Lockwood**

28 March at 10:23 ·

I have just spent a very pleasant weekend on the banks of the Vaal River in the Vredefort Dome - celebrating the 40th birthday of BirdLife Wesvaal at Elgro Lodge.
It was wonderful to catch up with long-time birding friends and to share stories and information with the attendees. There were a number of excellent presentations by BirdLife South Africa staff over the weekend, and two of these presented terrifying facts about the dire straits that two of South Africa's endemic birds currently find themselves in.
A century ago, an estimated one million African Penguins were found along the coastline of the Western Cape and Namibia. Today however their future is looking decidedly bleak - with their numbers declining at around 8% per year, . . . and population-modelling suggesting that this iconic species could be extinct by as early as 2035!
The main driver of the species' collapse has been overfishing around the nesting colonies - resulting in mounting breeding failures as the parents are unable to find food for their young. Penguins are charismatic birds, much sought after by international birders, and the possible extinction of Africa's only penguin species will have a major impact on local tourism.
The other endemic species currently under severe threat is a nondescript small lark known as Botha's Lark. This species is restricted to grasslands in Mpumalanga and KwaZulu Natal and its' distribution is patchy, and shrinking quickly. Factors precipitating this decline appear to be a combination of veld-burning at the wrong time, as well as growing activity of cattle and other livestock around nesting sites. If this decline is not halted, Botha's Lark could be the next terrestrial bird species to disappear from the African continent - and another of South Africa's important ecotourism assets will be lost!
We need to do better!

Goeie middag,
Wat 'n wonderlike naweek! Groot sukses en groot dankbaarheid.
Vind aangeheg 'n skrywe wat van Mark Anderson ontvang is op 24 Maart 2024 en my reaksie daarop.
BirdLife Wesvaal en die Voorsitter is baie gelukkig om sulke spesiale lede op sy komitees te kan hê!
Weereens my opregte dank vir julle beplanning, harde werk en vir 'n fees van 'n naweek.
Vriendelike groete. Pieter

**BIRDLIFE SOUTH AFRICA**
Dear Pieter (and the rest of the BirdLife Wesvaal committee),
A hearty congratulations on an absolutely fantastic weekend. I can say with all sincerity that it was the best bird club anniversary celebration I have attended in my 15 years at BirdLife South Africa. Tania and I thoroughly enjoyed the company, the food, the talks, the birding, the accommodation and so much more.
Very well done, Team BirdLife Wesvaal!!
The question now is how do you beat that when you celebrate your 50$^{th}$!
Regards
Mark D. Anderson
Chief Executive Officer

Dear Mark
We receive your message with sincere gratitude. It is truly the best recognition BirdLife Wesvaal could receive, and getting that recognition from you is an honour.
Our aim was for guests to enjoy an unforgettable weekend together, building memories and forging friendships with other clubs for the future.
It was a great honour for BirdLife Wesvaal to spend the weekend with you and Tania. We look forward to doing so again.
As for what 2034 holds for BirdLife Wesvaal? To be honest, I do not know!
But Birdlife Wesvaal says "Save the date "
Kind regards,
Pieter

Pieter jy is 'n YSTER!
So baie dankie en baie geluk aan jou en jou span vir 'n besondere en spesiale 40 ste Klub-Verjaarsdag!!
Marietjie Ferreira

Pieter
Congratulations to you and your team. Even if you wrote a book, I doubt any club could come close to your high standards. Alan and my highlights for the weekend - meeting new and wonderful people, informative speakers, great outings, friendliness all around, especially from your club members who asked without fail “Is everything okay?”, lots of laughs, excellent venue and food (which I didn’t have to cook), learning to atlas again after 8 years, buying lots of succulents from SAN Parks Bankenveld, birding in a different environment (I did my 3rd year practical in Zoology at UP with Prof Bouwman in 2009). My goodness, we have come home with so many happy memories.
Please send our congratulations to Kobus as well. I don’t have an email address for him. He and his team did an outstanding job and the food was excellent. His staff were always very friendly and helpful.
As always
Barbi Forsyth

The weekend was fabulous, all the speakers - what a feast of knowledge, the food was fine dining of the best. Kobus’ staff are courteous & speedy .
Thanks to all the Committee for their commitment, Pieter what a star, Lawren for all the admin, Alta for the Gedenkblad & Lounel for her input. Petro for her dedication to the Hoep Hoep & all the advice - sorry that you have called it a day as Editor, we will certainly miss you - you deserve a well earned rest. Johan Nel thanks for your input. A final & great thanks to Kobus - what an organiser, without you & your staff it would not have been possible, a hearty thanks from us all.
Thanks also to the Honourary Rangers/Veldwagters for an interesting and well set out stand.
Rudi & Hentie - Julle is al twee ”ysters”.
Roy Byers

"Hats off for Lawren Oelofse!!" Hy was van die begin af aangestel as die "Chief cook and bottle wash" van hierdie jaar se groot verjaarsdagvieringe. "He grabbed the tiger by the tail" en knap gedaan!! 'n GROOT DANKIE vir twee suksesvolle geleenthede in Maart 2024.
Marietjie Ferreira

Toe Lawren laat weet die klub gaan 'n 40 jaar herdenking naweek hou, het ons dit gesien as die gulde geleentheid om van die mense wat ons lanklaas gesien het, weer te sien. Ek het van my kinderjare af baie tyd in die koepel spandeer en dit was die ideale geleentheid om na al die baie jare weer die Vredefort koepel te besoek.
Ek wil die mense wat verantwoordelik was vir die naweek se beplanning gelukwens met 'n baie suksesvolle geleentheid. Ek weet daar het baie tyd en werk ingegaan om dit te laat gebeur, maar ek kan julle verseker dat dit 'n groot sukses was en ek is seker dat almal wat daar was dit baie geniet het. Soos Kobus sê Lekkeeeeeeeeeeeeeeeer man.
Die praatjies wat gelewer was, was baie interessant en ons het dit baie geniet. Die aanbieders was baie professioneel en duidelik kenners op hulle gebied. Dit is jammer om te sien hoe vernietigend die mens is. In 'n artikel het ek gelees dat ons tans in die sesde massa-uitsterf van spesies is. Die ander vyf was almal natuurrampe, maar hierdie een is mens gemaak.
Die uitstappies was goed beplan en daar was vir almal kans om op 'n voëlrit, staptog of op die rivier te roei. Veral die voëlritte was baie goed bygewoon en hulle moes soms ekstra voertuie kry om almal te akkommodeer. Kobus en sy span was altyd reg om almal te akkommodeer en seker te maak dat alles seepglad verloop. Die kos was uit die boonste rakke en die span wat dit hanteer het, was uitstekend. Ek dink almal kan saamstem dat dit 'n ongelooflike lekker naweek was.
Dit was lekker om ou vriende te sien en nuwes te maak. Dit was lekker om Marietjie en Petro weer te sien en dit is jammer Sam kon nie daar wees nie. Kobus was saam met Alta op skool en sy was later sy oudste dogter se onderwyseres by ML Fick. Lawren en ek was in dieselfde laerskool gewees. Ek het dan ook die kans gekry om vir Pieter en ander lede te ontmoet en so gesigte by name te plaas. Dit is altyd lekker as ek inligting van die klub kry om dan te kyk vir bekende name van mense met wie ek moontlik op een of ander manier kontak gehad het.
Om die 40ste verjaarsdag van die klub te kon bywoon was 'n voorreg.
Ek hoop Birdlife Wesvaal gaan nog lank bestaan en nuwe jong mense gaan die tuig opneem en die klub verder dryf en voortbou. Die klub was nog altyd geseën met toegewyde en begaafde mense soos die 40 ste verjaarsdag viering nou weer gewys het.
Herman (Harry) Olivier


Foto: Marietjie Ferreira

Good day Pieter
I can only echo Marks words.
What an great weekend spent with BirdLife Wesvaal. The members of Wesvaal Bird Club are amongst the friendliest we have met. You and your team organised an event that we will long remember.
I for one, felt very much at home and have let my husband know that we most definitely need to book a weekend at the Lodge.
The accommodation and hospitality was superb and the birding was excellent.
Once again, thank you for a lovely weekend.
Janine Goosen

Wow wat 'n ongelooflike lekker en leersame naweek.
Pieter, Lauren, Kobus, die komitee en almal wat daar was en gehelp het om die naweek onvergeetlik te maak n groot groot DANKIE.
Dit het ook weer by ons die belangrikheid van die bewaring van voëls en die natuur weer laat besef en ons weer aangewakker om net nog meer voëls te kyk.
Wil ook n spesiale dankie sê vir Marietta, Esmé, Alet, Roy en al die ander.
Julle het weer vir Wesvaal en Birdlife op die kaart gesit. Lekker rus.
Hentie Boardman

Ons wil net weer dankie se vir die wonderlike verjaarsdag naweek wat julle by die Elgro River Lidge gereel het! Ons het elke oomblik geniet!!
Dalk kon Ina nog nie weer kontak maak nie. Sy blom behoorlik na die naweek!
Sy is weer veilig in Stellenbosch maar kan nie uitgepraat raak oor die wonderlike naweek nie.
Sy het al jul bederf ontsettend geniet en waardeer!
Al die ou vriende wat sy weer kon ontmoet was vir haar baie kosbaar!
Groete. Kosie, Lizzie en Ina.

Die Gedenkblad is baie interessant en uitstekend gedoen waarin pragtige duidelike foto`s, bydraes van oudlede en interessante gegewens oor die bedrywighede van die klub oor die afgelope 40 jaar verskyn. Dis regtig professioneel en die redaksiespan, (Johan Nel, Roy Beyers, Pieter Labuschagne, Lawren Oelofse, Alet Steyn en Lounell White), kan trots wees op die produk!
Ten laaste wil ek vir Kobus Fourie en sy span bedank vir hulle uitstekende diens, heerlike kos, interessante wildsritte en baie hartlikheid. Soos Kobus sê; " Lekker man, lekker!"
Tillie Burger

As Kobus Fourie van die Elgro op spoed is met 'n Fees, dan bring geen "papwiele" hom van stryk nie.
Elgro River Lodge in die Vredefort Koepel was die ideale plek vir 'n 40ste verjaarsdagviering!
Marietjie Ferreira



Die feesnaweek van 21-24 Maart is geskiedenis vir ń volgende mylpaal. Die warm gevoel van intense genoegdoening verlig nog steeds ons gemoed. Vir 4 dae kon ons ontsnap van beurtkrag, slaggate, oud word en.....Ons kon ons sonpanele rig na die Lig, batterye laai en verlustig in God se droom vir die skepping deur die kroon daarvan, die mens.

Mense wat gawes en talente het om te organiseer en beplan, drome kry en planmatig en in detail voorberei, begroot, ontwerp, netwerk, boekstaaf, deurvoer....Ja, mense wat onbaatsugtig opoffer en dink aan die welsyn en vreugde van ander!

Mense wat vir ń paar dae hulle eie voorkeure opsy skuif en nie toelaat dat taalverskille en ander "issues" ons verdeel nie. Inteendeel, mense wat respek toon en vreugde vind in die wesersydse respek vir ons verskille en saam lag oor die maniere waarop ons mekaar akkomodeer.

Mense wat besef dat verhoudings díe kosbaarste "instelling" is waarmee God ons lewens verkwik. Mense wat geniet om te kuier, gesels, belangstel en deel in mekaar se vreugde en hartseer en saam om die tafel of op die wildsritvoertuig nuwe verhoudings smee en oues koester.

Mense wat die goeie en merkwaardige van die verlede uitlig en erkenning gee aan baanbrekers uit ons dorp met ń nalatenskap waarop alle Suid-Afrikaners trots kan wees soos Thomas Ayres, Dr. Austin Roberts, Tony Archer en Clem Haagner. Ja, mense wat vir Rudy, Ina, Sam, Petro, Tillie, Rita dankie sê, maar ook met tere herhinnering dink aan onder andere Lucia du Preez en William Scott wat ons reeds ontval het.

Mense met toekomsdrome wat graag wil toesien dat ons nageslag ook eendag sal kan deel in ons gemeenskaplike passie. Dapper mense wat selfs die regering trompop loop en geen steen onaangeraak laat om elke spesie te beskerm vir die toekoms.

Mense wat ry op die golf van tegnologie en dit ontgin en aanwend om voëlkyk ń nog meer indrukwekkende en aangename ervaring te maak.

Mense wat raaksien en onthou, wat verskille en detail van voëls kan uitlig en vasvang in beeld. Geduldige mense wat passievol die pad vir ander makliker maak om te onderskei en moed te kry vir die LBJ,s.

Ou mense wat met moeite op die voertuig klim en jonges wat lag en borrel, wat saam opgewonde raak oor voēltjies en spinnekoppe, oor die wonder van die skepping.

Laaste maar nie die minste nie, mense wat aandra en wegdra, opruim en braai, wat glimlag en help, wat op hul voete dink en aanpas, wat weet dat sukses lê in gaste en kliënte wat gelukkig en spesiaal voel.

Here, ons Here hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde! ....wat is die mens dan dat U aan hom dink...U laat hom heers oor die werk van U hande. U het alles aan hom onderwerp.... selfs die voëls in die lug... (Ps.8:2,5,7,9)

Willie Victor

Wesvaal Bird Club 40 th Anniversary Weekend on the Vaal River (21 – 24 March)

Having been unable to interest Inkwazi members in this weekend, I travelled to Elgro River Lodge (between Parys and Potchefstroom) on my own to attend this three-night event. What an event you all missed! About 88 people attended and the organisation by Wesvaal Bird Club members was superb (and the club is about the same size as Inkwazi!)

We had nine lectures on topics as diverse as Saving the Seabirds of Marion Island; Birds in a Changing World (the impacts of climate change); Owls of Southern Africa; Birdlasser and SABAP2; Collecting data for an impact Study on the birds of Wakkerstroom from windfarm development; Avitourism; Waders and Waterbirds; Herons and Heronries; LBJs.

Also, on offer were walks on the koppies behind the lodge (beautiful views and lovely birds); walks along the river (also good birding); a night drive in the Lodge's 1 000 ha nature reserve; bird drives around the reserve; and river cruising in inflatable canoes (which I ducked out of but apparently missed a lovely outing).

Several people attended from other Gauteng bird clubs and local guests included both Wesvaal Bird Club members and other people interested in the event, many of them novice birders. Everyone was extremely friendly and there was a lot of socialising.

This is a good birding venue – the group between them logged a total of 227 species in a 30 km range. I personally logged 89, coming 11 th in the challenge, with the top of the leader board achieving 164. This seems to be a favoured spot for African Darters (Anhinga rufa) – I have never seen so many in one place, and the Giant Kingfishers (Megaceryle maxima) were also a regular sighting. And lots of Orange River White-eyes (Zosterops pallidus), mixed with Cape White-eyes (Zosterops virens) just to challenge the birders.

Elgro River Lodge is a good place to visit, just over an hour and a half away; I will investigate a weekend there for Inkwazi sometime in the future.

Penny Abbott

Ek kry `n oproep van Lieske: “Ma, Birdlife Wesvaal hou `n 40 jaar herdenking by die Elgro Lodge vanaf 21 - 24 Maart 2024. Wil jy saamgaan?”
Natuurlik wil ek saamgaan! Vir meer as 20 jaar was Birdlife Wesvaal deel van my lewe alhoewel ek nou in die Kaap woon en hier voëls kyk. Ek sal Potch toe gaan, by Lieske bly en deel in die feesvieringe.
By ons aankoms word ons hartelik verwelkom deur die feeskomitee. (Lawren Oelofse, Pieter Labuschagne, Kobus Fourie, Roy Beyers, Alet Steyn). Dis so goed om ou vriende weer te sien. Ons kry elk `n “goodie bag” en verskuif na ons chalet toe. Dis te heerlik om weer langs die Vaalrivier in die Koepel te wees waar ek begin voëlskyk het. Die naweek is vol bespreek - waarlik `n pluimpie vir BirdLife Wesvaal dat hulle voëlkykers van oral kan lok om deel te wees van die feesvieringe.
Die aand is daar `n nagrit om uile en naguile te gaan kyk. Die weer lyk dreigend maar ons gaan vol moed op die voertuie uit. Ons kry `n naguiltjie wat in die pad sit. Sy ogie blink in die ligte van die voertuig. Afrikaanse naguil (Fiery-necked Nightjar) of Rooiwangnaguil (Rufus-cheecked Nightjar)? Kobus sluip nader met `n vangnet om hom te bekruip, maar hy vlieg op net voor die net op hom afkom. Die proses word verskeie kere herhaal maar sonder sukses. `n Debat ontstaan, watter naguil is dit? Op die ou end word besluit dat dit `n Rooiwangnaguil (Rufus-cheeked Nightjar) is. As toegif sien ons darem ook `n Dikkop (Thick-knee). Ons is skaars terug, of die reën stort neer.
Die volgende oggend is ons om sesuur gereed om saam met Geoff Lockwood langs die rivier te gaan stap. Ek het begin om die voëls wat ons gesien het te noem maar gou besef dat dit te lank sou word. Daar was egter `n kompetisie vir die meeste voëls gesien en die lys het by 120 spesies getrek. Daar was ook stappies in die berg waar weer ander spesies gesien is.
Vir die die eerste lesing van die dag vertel Mark Anderson vir ons hoe ernstig bedreig die Kaapse pikkewyn is en dat hy moonlik teen 2035 uitgesterf sal wees as daar nie daadwerklik opgetree word om die visbronne by die broeigebiede te beskerm nie. Ook wys hy skyfies van die rot- en muisplaag op Marion Eiland wat die eiers en kuikens van die seevoëls opvreet. Daar gaan `n groot uitroeiprogram van stapel gestuur word maar dit kos miljoene! Hy inspireeer ons om in 2025 op die Flock na Marion Eiland te gaan.
Ernst Retief maak lede touwys hoe om die Birdlasser te grbruik vir voëlwaarneming as deel van die Atlasprojek, SABAP2. Na `n ligte middagete vertel Johan Janse van Rensburg ons meer oor die impak van die windturbines by Wakkerstroom. Dis wel groen energie maar daar is ook `n ernstige nadeel t.o.v voëlsterftes.
Saterdagoggend en Sondagoggend is daar wildsritte na Schoemansdrif met baie voëltjies langs die pad. Op die eiland stroomop van die brug sit daar jou waarlik twee Lepelaars (Spoonbills) in die bome. Ander spesiale voëls is die Groenrugreier (Green-backed Heron en `n Hamerkop. Saterdagmiddag is daar wildsritte in die veld waar ons die buitelug geniet, baie voëltjies en ook heelwat wild sien. Vir die waaghalsiges is daar `n vlotvaart met die Vaalrivier af. Dis meestal die onder 60`s wat meedoen, die ander voel veiliger op `n wildsrit of rustig voëlkyk in die omgewing.
Die ander lesings en praatjies was werklik interessant en insiggewend: Andrew le Blocq vertel ons van die moontlikhede van Avitourism en hoe dit verder uitgebrei kan word deur Birding Routes en die oplei van plaaslike gidse. (Dis `n veld wat my baie na aan die hart lê en ek het weereens besef watter skat ons in die omgewing van Potch en die Koepel het vir voëlkyk).
Geoff Lockwood het waarlik sy kant gebring tydens wildsritte en met sy lesing oor Waadvoëls en Watervoëls. Sy lesing oor die KVVs (LBJs) was uitstekend en het mens sommer weer moed gegee om die vaal voëltjies te identifiseer.
Doug Harebottle wat in Kimberley woon, het vir ons vertel dat die groot skare Klein flaminke (Lesser Flamingoes) wat altyd soos pienk blommevelde op die pan buite Kimberley was, weggetrek het a.g.v besoedeling en stygende watervlakke. Sy lesing oor reiers en hulle broeikolonies (Heronries) was insiggewend. Eers kon ek die titel van die praatjie nie verstaan nie, (Herons, Hats and Heronry Map). Hy het egter verduidelik dat in die begin van die 20e eeu, reuse dameshoede met vere getooi, hoogmode was. Die pluimvere van reiers was veral gesog in so `n mate dat die reier bevolking ernstig geknou is en op die randjie van uitwissing was. Gelukkig het die mode verander en is die reiers gered.
Marc Trevor Friedman is aan die UP verbonde en hy doen navorsing oor die invloed van aardverwarming op voëls. Stygende temperature kan `n ernstige impak hê soos hy aan ons gewys het.
Wat veral gesellig was, was die geleentheid om met ou vriende en bekendes te kuier. Vrydagaand was daar `n skaapbraai wat flink deur die personeel van die Elgro Lodge versorg is en almal het dit geniet. Saterdagaand se Gala Dinner is keurig bedien en die kos was fynproewergehalte. Daar is toesprake en toekennings aan die lede van BLWV wat `n besondere bydrae gelewer het. Ina Stigling, stigterslid, vertel hoe sy en `n paar belangstellendes `n voëlkykklub in 1984 gestig het. Destyds was daar ook `n Dendrologiese vereninging en `n tak van Natuurlewe van Suid- Afrika. Beide hierdie verenigings het doodgeloop, maar Birdlife Wesvaal gaan van krag tot krag soos die vieringe bewys. Ek moet regtig my hoed afhaal vir die uitstekende reëlings van die feeskomitee wat alles so puik gereël het. Ek het dit so geniet.
Tillie Burger

WESVAAL Voëlklub Bird Club

TAK VAN DIE SUIDER-AFRIKAANSE VOËLKUNDIGE VERENIGING
BRANCH OF THE SOUTHERN-AFRICAN ORNITHOLOGICAL SOCIETY

2413 POTCHEFSTROOM 2520

Dankie, dankie!
Ek weet nie hoeveel maal ek hierdie woorde moet om aan julle oor te dra hoe ek voel nie.
Toe dit tyd word om River Lodge te verlaat was alles skielik so haastig dat ek nie almal kon groet nie. Ek skryf dus kortliks om dankie te sê aan:

- my dierbare Lizzie en Koos Katze deur wie julle uitgevind het hul niggie leef nog.
- die klub wat my vliegtuigkaartjie betaal het 'n geskenk van NWU ondersetters en pragtige silver oorbelle van vry vlieende voëls gegee het. Ek dra hulle met groot vreugde.
- Pieter, Lauren en Alet wat, ten spyte van hul oorvol program, die moeite gedoen het om na die plaas te ry sodat ons mekaar vooraf 'n bietjie beter kan leer ken.
- al die vriendelike mense wat met my kom praat het. Party van hulle was ook aan die PUK verbonde of hulle was net so gaaf om my in of uit die voertuig te help, of vorentoe laat skuif in die koston.
- Dit was ook wonderlik om, buiten die uitstekende lesings en ritte, die ou vriende van veertig jaar gelede te sien. Pieter en ek het, onafhanklik van mekaar, gepraat oor die belangrik van die "woord" "Klub". Daar was 'n heerlike gevoel van kameradrie en plesier te bespeur. Al die mense wat so hard gewerk het om hierdie fees so geslaagd te maak, insluitend beamptes van ander klubs, asook mnr Fourie en sy personeel verdien die hoogste lof.


Met my heel beste wense
vir die toekoms

Ina Stiglingh


Fondsinsamelingsnr/Fund Raising No 01 100428 000 4
Vrygestel ooreenkomstig die bepalings van art. 4(h) van die Boedelbelastingwet nr 45 van 1955
Exempted in terms of Section 4(h) of the Estate Duties Act No 45 of 1955

# Voëls


Oostelike rooipootvalk


Swartsuikerbekkie


Afrikaanse koekoek


Pylstertrooibekkie


Gewone paradysvink


Witkruismuisvoël


Kopereende


Gariepglasogie


Kleinwitreier


Kuifkopvisvanger



Draaihals


Bontkiewiet


Kaalwangvalk


Hammerkop


Grootstreepswaels


Koningrooibekkie

Pylstertrooibekkie


Reuse reier


Rooiwangnaguil


Bontroklaksman


Witpenssuikerbekkie


Gariepglasogie


Hadeda


Gewone spekvreter



Woestynklopkloppie


Acasia grysmees



Neddekkie


Bontkwikkie


Witkeelswael


Rooibekvuurvinkie


Groot Rooivalk


Slanghalsvoël


Visarend